WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 02/2018

WEE VAN DIE VETERANE

1. Geen Afsterwes Gerapporteer

Vir die eerste keer die afgelope twee jaar is geen afsterwes gerapporteer nie. Prys die Heer!

2. Funeral of Neil Napier of the SAAF

* Phillip Weyers of the SAAF had previously advised that Neil had passed away on 15/01/2018.

* Johan Bauer van die SALM voeg by "… dat Niel op 24/01/2018 vanuit die St Martins Gemeente in Irene begrawe is".

3. Set-back for Frank Peche of the SAN

Angel Soderland reports "… that Frank has suffered at bad fall at his home in Silvermine Village resulting in a broken hip and underwent surgery at 2 Mil Hosp. He is in considerable pain and is not accepting visitors or any telephone calls. All our thoughts and prayers are with him and his family and agree that his wishes be respected".

4. Set-back for Piet Hall of the Infantry

Last week Jock Harris of 32 Bn reported that Piet has had two strokes in as many days and received treatment at the Aurora Hospital in Port Elizabeth. Jock now states that "… Piet is back home again with a carer looking after him. He is in his normal good spirits and is looking good".

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

5. Gedagte oor Gustav Pheil van die Infanterie

Malan (Barrie) Barnard van die SALM noem dat hy "… met groot leedwese van Gustav se heengaan verneem het. Ek was 'n tweedejaar student by die SA Mil Akad toe Gustav en manne soos Dan Lamprecht en Steve Prinsloo in Jan 1961 as deel van die nuwe eerstejaars aangemeld het. Ek onthou Gustav as een van die netjiesste en opregste soldate wat ek geken het".

6. Steve Prinsloo van die Infanterie

"Ek het verlede week my laaste chemo-behandeling ontvang en dit gaan nou baie beter met my. Ek is dankbaar dat die behandeling verdere verspreiding gekeer het. Ek wag vir magtiging van die SMMVF sodat ek 'n CT-skandering kan laat doen, sodat bepaal kan word of al my organe skoon is van die kanker. Daarna sal ek elke drie maande vir drie jaar getoets word.

Die chemo-behandeling het 'n baie slegte uitwerking op my gehad, wat meegebring het dat ek nie die behoefte gehad het om met vriende en kennisse te kommunikeer nie. Ek glo deur die Here se genade, wat alreeds aan my geskenk is, dat ek tot so 'n mate sal herstel dat my lewe weer na normaal sal terugkeer. My e-posadres is spprinsloo@mweb.co.za".

7. Waldemar Vrey van die Infanterie

“Ek is al meer as 13 jaar in diens van die VN by vredesoperasies in Burundi, Sudan en Suid-Sudan betrokke, insluitend ook as die ‘… Director for the Rule of Law and Security Institutions Group’ in die VN Missie in Mogadishu, Somalië. In Nov 2015 het die VN se Sekretaris-generaal, Ban Ki-moon, my as sy ‘… Deputy Special Representative for Political and Rule of Law’ by die VN Missie in Liberië aangestel. Hier is ek verantwoordelik vir die ko-ordinering van die VN se steun aan Liberië, insluitend politieke advies en kapasiteitsontwikkeling vir Justisie, Nasionale Veiligheid, Polisie, Gevangenisdiens, menseregte en ook vir die pas voltooide nasionale verkiesing. Ek keer aan die einde van Mrt 2018 na die RSA terug en as daar belangstelling is sal ek kom vertel van my wedervaringe”.

8. Paul Els van die Seiners

“Ons kuier lekker hier in Hilversum in Nederland. Met aankoms op 18/01/2018 kon die vliegtuig weens swak weer nie in Amsterdam land nie. ‘n Parabat kan ‘n rowwe vlug hanteer, maar die ander passasiers was nie gelukkig nie. Ons moes toe na Brussel vlieg en het daar vir drie ure gewag dat die weer opklaar. Ons het reeds vir Utrecht besoek, maar hierdie is ‘n wêreld wat ons nie ken nie, want jy sien net fietse, busse en treine”.

HULDEBLYKE

9. NTR.

MILITêRE AANGELEENTHEDE

10. SAN Cancels Popular Navy Festival

* In the previous Newsletter Angel reported that the SAN had cancelled the 2018 edition of the annual Navy Festival which was due to have been held at Naval Base Simon’s Town in Mar 2018. For well over a decade, the SAN Festival has allowed the general public the opportunity to see and experience the activities of South Africa’s maritime arm, which was always very popular with enthusiasts and spectators.

* Angel now reports that C Navy, V Adm Mosiwa Hlongwane, has stated that the cancellation of this year’s Navy Festival is not an indicator that the event will not take place again in future, as that the SAN will explore viable options to circumvent budgetary constraints.

11. Skep van Militêre Inligtingmuseum op Colesberg

Pieter Engelbrecht van Leërinligting verduidelik dat “… die SA Militêre Inligting-assosiasie (SAMIVA) op 12/04/2014 gestig is met die doel om ‘n formele tuiste vir alle SA Militêre Veterane te skep en heelwat projekte, hoofsaaklik om Veterane in nood by te staan, is oor die afgelope tydperk geloods om ‘n verskil te maak. Die idee om Colesberg as ons kulturele HK te vestig het beslag gekry omdat Colesberg sentraal geleë is en self ‘n ryke militêre geskiedenis het, terwyl ons Sekretaris, Deon Dohne, goedgunstiglik aangebied het dat SAMIVA ‘n tuiste op sy gasteplaas, van Zylsvlei, kan inrig.

Deon het op eie fondse ‘n museum vir SAMIVA op die plaas gebou en dit met vertoonkaste uitgerus. Van die items wat vertoon word is SAW, SWAGM, Kubaanse, FAPLA en Oos-Duitse uniforms wat uit die Bosoorlog dateer en ook Chris van Zyl se Drag 1B as die eerste Bev SA Inl Skool op Kimberley. Ander interessanthede word ook versamel om uitgestal te word.

SAMIVA sal dan ook Internasionale Militêre Inligtingsdag, wat jaarliks op 01 Feb gevier word, in die toekoms op van Zylsvlei gedenk. Dus sal die nagedagtenis van ons gestorwe makkers jaarliks by die Gedenknaald eervol onthou word".

12. Gedenknaald by die Militêre Inligtingmuseum op Colesburg

Deon Dohne van Leërinligting het die foto van die Gedenknaald verskaf, wat ter ere van afgestorwe Militêre Inligtingslede op 25/02/2018 op Colesburg onthul word.

13. Militêre Gedrag. Kan iemand onthou waarin hierdie artikel verskyn het en dit sal nogal gaaf wees as iemand dit vir H SANW kan aanstuur. Kliek daarop en ook op een van die hoeke om dit groter te maak.:

Militêre gedrag

14. The RN Updates a Famous WWII Propaganda Poster of WW2

.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

15. Bekommernis oor die Volhoubaarheid van die SMMVF

In die vorige Nuusbrief is oor die voorligting gerapporteer wat Hercules du Plessis by die SMMVF ontvang het, waarna verskeie lede hulle bekommernis oor die volhoubaarheid van ons mediese fonds uitgespreek het. Uittreksels uit van die briewe verskyn hieronder.

16. Tony Dippenaar van Cela

“Die probleem het ontstaan by die inherente onvermoë van die SAMGD en die gebrek aan ‘n plan om dit reg te stel. Wat van die rekenaargedrewe voorraadbeheerstelsel geword het, weet nugter alleen, maar daar was ‘n stelsel wat verseker het dat die regte medikasie in die regte hoeveelhede op die regte tydstip bestel kon word.

Ek was aangenaam verras deur die openlikheid van dr Jamuna, want sy het die onaangename waarheid gepraat. Om die Fonds lewenskragtig te maak moet inkomste en uitgawes weer in gesonde balans gebring word. Dienende lede se bydraes moet betekenisvol verhoog word en sal slegs gaandeweg ‘n verbetering aanbring, maar om dienende lede in onkunde te laat oor wat eendag op hulle wag grens aan bedrog. Uitkontraktering moet binne haalbare vlakke teruggebring word en die opknapping van die infrastruktuur by veral 1 Mil Hosp moet prioriteit geniet. Werwing van veral spesialispersoneel moet nagestreef word, maar die probleem is dat die chaotiese toestande by 1 Mil Hosp reeds in die privaatsektor goed bekend is. Die enigste optrede wat onmiddellik resultate kan lewer is die kwessie van uitkoopvoorskrifte, wat aan gebrekkige voorraadbestuur toegeskryf kan word.

Slegs ‘n betekenisvolle reddingsboei, gekoppel aan effektiewe bestuur, sal die SMMVF intussen aan die gang kan hou. Ons as begunstigdes van die SMMVF moet nou alle kanale van media tot politiek inspan om te verseker dat ‘n lewensvatbare plan in werking gestel word. Die owerhede moet erken dat daar ‘n krisis is, maar ons sal ook miskien vir ‘n mediese skema voorsiening moet maak, al is dit net ‘n hospitaalplan”.

17. Kallie Brocker van die SALM en Afd Fin

“Die uitkoop van medikasie is beslis 'n baie groot uitgawe maar ek is van mening dat die koste aan die uitkontraktering van byna enige operasie en spesialisdienste enorm groot is. Hierdie gebruik gaan nie gestaak word nie tensy die SAGMD sy teaters operasioneel kry nie. 'n Drastiese verhoging van die dienende lede se premies, verhoogde premie formules vir nuwe toetreders tot die Fonds, die spoedige opdatering van Mil Hosp se fasiliteite en die aanstel van voldoende, bekwame spesialiste is nodig om die Fonds te probeer omdraai.”.

18. Hercules du Plessis van Personeel

“Dit is duidelik dat die SANW Bevelskader oor tyd nagelaat het om die bydraes van dienende lede aan te pas en het sodoende die SMMVF eintlik gesaboteer. Die Fonds kan net werk met die geld wat hulle van die SANW ontvang en dit het met verloop van tyd nie tred gehou met realiteite nie. Ons moet ‘n manier vind om te organiseer en aan die werk te kom. Lede van die SMMVF moet betrokke raak om ons Fonds te red en getrou aan die model van demokrasie, moet ons so gou doenlik ‘n druk- of moniteringsgroep tot stand bring wat namens ons kan praat en optree. Ons moet begin optree, want daar is nie veel tyd oor om iets aan die saak te doen nie. Met die ervaring van die Pensioenfonds se Moniteringsgroep kan ons reeds ‘n paar betekenisvolle aksies loods. Tony Dippenaar en Kallie Brocker behoort aanvanklik in so ‘n groep te dien, veral omdat die SANW Bevelskader in die gedrang gaan kom. Meer lede is nodig en daar moet by voorbaat vir ‘n nodale punt voorsiening gemaak word, sodat ‘n media-skakelfunksie van die staanspoor geloods kan word”.

19. Attie Keeve van die Infanterie

“Die belangrikste rede is die ineenstorting van dienslewering by Militêre hospitale wat tot die grootskaalse gebruik van die privaatsektor vir die voorsiening van mediese dienste gelei het. Volle mediese steun is een van ons diensvoorwaardes en beide die SMMVF se Raad en SANW Bevelskader moet verantwoordelikheid vir die nakoming daarvan aanvaar. Een oplossing is om die Fonds soos ‘n Mediese Fonds te bestuur, sodat beperkings op sekere dienste geplaas kan word en lede self kan besluit wat prioriteit is. Militêre hospitale moet dus nie van hulle verantwoordelikhede vrygestel word nie, maar moet weer die kapasiteit kry om ‘n volle diens te lewer. Dit is vir my nog onduidelik wat die invloed van die te stigte Nasionale Gesondheid Versekeringstelsel sal wees”.

20. Thys Lubbe van Logistiek

“Die basiese probleem is die onbeskikbaarheid van medikasie wat veroorsaak dat dit ten duurste uitgekoop moet word. Die rede hiervoor is dat daar nie ‘n stelsel bestaan waarvolgens die SAGD behoorlik voorraadomset-snelheid kan toepas en beheer uitoefen om te kan sorg dat apteke ten alle tye oor die nodige voorraad beskik. Dit verhoed dus dat die SAGD al sy medikasie teen die staat se gekontrakteerde pryse kan aankoop”.

21. Malan (Barrie) Barnard van die SALM

“Ek deel die kommer oor die solvente voortbestaan van die Fonds .My bedieningspunt is die Militêre Siekeboeg op George en ek neem skielik waar dat daar 'n toestroming is van persone wat moontlik sogenaamde MK veterane met al hulle uitgebreide families is. Word hulle mediese diens ook uit die SMMVF befonds? Die Fonds se bestuur moet daarop aandring dat die SANW of die Regering 'n substansiële bydrae maak om die Fonds te stabiliseer. Die buitensporige koste van medikasie wat deur die SANW aangekoop word en die opgeblase koste van geneeshere, privaathospitale, apteke en ander diensverskaffers moet ooglopend ook aangespreek word”.

22. Rina Roberts

* “Ek is met ‘n militêre mediese magtiging na die Green Acres Hospitaal in Port Elizabeth vir ‘n operasie op 06/11/2017 verwys en het toe tot my verbasing ‘n rekening van R5 000 van die hospitaal ontvang. Ek en my man se pensioen laat nie toe dat ons sulke bedrae sommer betaal nie. Dit lyk vir my asof ons van nou af geen dokter of spesialis meer kan gaan sien sonder om astronomiese bedrae in te betaal nie, ten spyte daarvan dat ons mediese magtiging kry”.

* Rina se probleem is na dr Jamuna by die SMMVF verwys en Rina verwittig dat die SMMVF nou wel die volle rekening betaal het.

23. Versoek

Lesers word versoek om aan te dui of hulle die skep van ‘n Aksiegroep met die mandaat om namens die lede van die SMMVF op te tree, as ‘n realistiese proposisie beskou.

TOEKOMSTIGE OORLOë

24. USN to Install High-Powered Laser on Destroyer

Arne reports in his MN that it has been announced that Lockheed Martin has been awarded a $150 million contract for two high energy lasers with integrated optical dazzler and surveillance (HELIOS), of which one will be installed on USS Arleigh Burke. A prototype laser of similar power was delivered to the US Army in early 2017. The 58 kW single beam device is believed to be the most powerful of its kind in the world. It has now been shown that a powerful directed energy laser is now sufficiently light-weight, low volume and reliable enough to be deployed on tactical vehicles for defensive applications on land, at sea and in the air. However, like almost all lasers, it faces challenges in periods of low visibility and it cannot be used to engage targets over the horizon.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

25. Visit to Argentina

In the Feb 2018 edition of Spindrift reference is made to the visit of three ships of the SAN to Argentina in 1968. The following cartoon appeared in Navy News to commemorate the visit by SAS Tafelberg, SAS President Kruger and SAS President Pretorius.

NUWE MILITêRE BOEKE

26. The Tempered Sword by Jan Breytenbach

Available from sales@warbooks.co.za for R1 250 a copy.



PAUL ELS SE BOEKE

27. NTR.

WERKGROEP VIR DIE BESKERMING VAN ONS PENSIOEN

28. Boodskap vanaf A P Stemmet van die Kavallerie en die SVR

“Die GEPF Monitorgroep staan nou as AMAGP (kyk grafika onder) bekend en ons is steeds hard aan die werk. Meeste van ons afgetredenes is afhanklik van ons pensioen en AMAGP het ten doel om die Staatsdienspensioenfonds (GEPF) teen korrupsie, plundery, misbruik en swak beleggings te beskerm. Dit bestaan uit ‘n toenemende aantal vrywillige pensioenarisse, wat optree ten behoewe van sowat 1,3milj staatsdienswerknemers en 43 0000 pensioenarisse. Daar is meer as genoeg rede om oor die Fonds se volhoubaarheid bekommerd te wees. Dit wat met African Bank (verlies van R4 bn) en met Steinhoff (R12 tot 28 bn) gebeur het, is aanduidings van die gevaar. Voeg daarby ook staatskaping en die regering se geneigdheid om die Fonds as ‘n soort spaarvarkie te sien, wat na hartelus vir hulle eie swak bestuur by Eskom, Prasa en die SAA aangewend kan word. Spesifieke vrae aan die GEPF word geïgnoreer of met vaaghede beantwoord.

Die AMAGP se Algemene Jaarvergadering (AJV) vind vanaf 08:00 op 15/02/2018 by Solidariteit se kantore in Centurion plaas. Kom woon dit by, want dit is in u eie belang. Daar sal u insig kry in wat met die Fonds gebeur en wat ons probeer doen. Dalk kan u met nuwe idees kom help! Toegang is kosteloos en verversings sal bedien word. Kom help ons om te verhoed wat met die Spoorwegfonds gebeur het; voordat dit te laat is!”

29. AJV van AMAGP

Errol Massey-Hicks van AMAGP verwittig dat "... die AJV vanaf 08:00 op 15/02/2018 gehou word en alle Pensionarisse word genooi om dit by te woon. Solidariteit het goedgunstiglik hulle konferensiefasiliteite in Centurion tot ons beskikking gestel. Bywoning is gratis, maar donasies om die omkostes te dek sal welkom wees. Ligte versnaperinge sal met middagete verskaf word, maar u kan ook by Solidariteit se Kantien gaan eet. Slegs ingeskrewe lede van AMAGP het stemreg, maar daar kan voor die vergadering aangesluit word. Geen person sal teen sy sin tot 'n amp verkies word nie. Die program en agenda word na 06/02/2018 bekend gemaak. Bevestig bywoning teen 07/02/2018 by amagp.sek@gmail.com".

30. Personeelbehoeftes by AMAGP

Hennie Roux is 'n lid van AMAGP se Uitvoerende Raad en noem dat ons organisasie tans deur enkele vrywillige pensioenarisse bedryf word, wat hoe meer dit ontwikkel, noodwendig oorlaai word. Dit doen ons ten behoewe van die 1,3 miljoen dienende staatsdiensamptenare en 43 0000 pensioenarisse. Ons glo dat dit wat ons doen dringend noodsaaklik is en hulp word benodig om te verhoed dat ons pensioene in dieselfde gemors as die Spoorweg s'n beland. In hierdie proses het daar die volgende personeelbehoeftes by AMAGP ontstaan:

* Sekretariaat. Ons benodig 'n persoon wat verkieslik in Pretoria woon wat gewillig sal wees om boodskappe en briewe op te stel en met algemene sekretariële pligte te help.

* Webwerf. 'n Persoon wat 'n webwerf kan opstel en bedryf en wat enige plek in die RSA woonagtig is.

* Sosiale Media. Dit het 'n baie belangrike element van kommunikasie geword en 'n persoon wat hierin spesialiseer word benodig.

*Werwing. Ons het getalle nodig om na buite as 'n organisasie met substansie erken te word. Ons het behoefte aan persone wat bereid is om in hul omgewing en dampkring werwing te doen.

31. Responsibility of the Trustees of the GEPF

A P Stemmet states that "… members of the board of the Pension Fund should be educated in corporate governance, risk management, ethics, auditing, fiduciary responsibilities and ways to counter money laundering. Two members of the Fund are elected and their voters should keep the above in mind. Labour unions representing the serving members nominate six trustees and they should also make sure that their nominees are at least suitably qualified and have the necessary experience to carry out their duties. Just being a good union member will not be enough for their task of overseeing their asset managers. They must realise that they are responsible to the members and thus the owners of the Fund. It is the intention of the Monitor Group to ensure in future that trustees are held responsible for the wellbeing of the Pension Fund. Hiding behind the PIC will not help in future".

32. Dries de Witt van die SALM

"Die stembriewe vir die verkiesing van die Trustee om die Pensionarisse te verteenwoordig, word nou aan Pensionarisse gepos. Tot hede het ek die SANW se dienende lede op die GEPF se Raad verteenwoordig, maar nou dat ek afgetree het staan ek as 'n kandidaat vir die Pensionarisse"'.

33. Aanbeveling deur Adm M.A. Bekker van die SAV en Afd Fin

“My paaie het met Dries de Wit gekruis toe ek die eerste verkose Trustee vir die Pensionarisse op die GEPF se Raad van Trustees in 2005 was. Sy leierseienskappe en kennis van die GEPF se Wet en Reëls het my beindruk en hom ‘n geskikte kandidaat gemaak om as Voorsitter van die Voordele en Administrasie Komitee van die Raad verkies te word, wat hy in die volgende twee termyne van die GEPF se Raad beklee het. Die vestigingsjare van die GEPF se eerste Raad van Trustees het groot uitdagings vereis en ek was in my termyn deur Dries op ‘n uitsonderlike wyse gesteun om die volgende strategiese doelwitte te bereik:

Beleidsdokumente soos die Pensioenverhoging-en Befondsingsvlakbeleid is onder sy leierskap ontwikkel.

Die agterstand van 75% inflasie-verwante pensioenverhogings wat in die voorafgaande jare aan pensionarisse toegeken was, is in Apr 2006 en 2007 met addisionele pensioenverhogings gelykstaande of hoër as inflasie reggestel en met die uitsondering van twee jaar daarna en ten spyte van moeilike ekonomiese toestande tot 2017 gehandhaaf.

‘n GEPF Reëlwysiging is geïmplementeer om pensionarisse ‘n eenmalige keuse te gee om hulle gadepensioen by afsterwe vanaf 50 tot 75% te verhoog.

Die GEPF se bates was in die naam van die Openbare Beleggingskorporasie (OBK) geregistreer, maar na omvangryke onderhandelinge is al hierdie bates in die GEPF se naam oorgedra. Dit het die GEPF volle beheer oor sy beleggings gegee, sodat die beleggingsmandaat tussen die GEPF en die OBK aan die verlangde vereistes kan voldoen.

Dries se komitee het erkenning gekry as die GEPF Raad se komitee wat die beste funksioneer en daarom kan ek die Pensionarisse aanmoedig om vir hom te stem. Hy is ‘n waardige Trustee wat na die belange van alle pensionarisse sal omsien”.

34. Monthly Edition of the GEPF Monitor

AP Stemmet advises that GEPF Monitor No 01/2018 is now available. Daan Kemp of Army Intelligence is the new editor and has compiled an impressive first edition for the year. The Newsletter is available on request from or Errol Massey Hicks at amagp.sek@gmail.com.

ALGEMENE ASPEKTE

35. Latest Issue of Spindrift

This Newsletter is the monthly publication of the Naval Officers' Association of Southern Africa. The editor, Arne Söderlund, advises that the issue of Feb 2018 is now available and can be requested from his e-mail address at angel45@iafrica.com.

WELSYNSWERK

36. NTR.

SOEKTOGTE

37. NTR.

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

38. Jaarvergadering van die SA Militêre Inligting Veterane-assosiasie (SAMIVA)

Pieter Liebenberg van Leërinligting verwittig dat die AJV om 11:00 op 24/02/2018 op die gasteplaas, van Zylsvlei, van SAMIVA se Sekretaris, Deon Dohne, net buite Colesberg plaasvind. Na afhandeling van die AJV, tydens 'n sonsondergangseremonie om 18:00, sal SAMIVA se Gedenknaald ter ere aan gestorwe lede van Militêre Inligting op Van Zylsvlei onthul word. Die geleentheid val saam met ons viering van Internasionale Militêre Inligtingsdag, wat jaarliks op 01 Feb gehou word. Daarna gaan ons spitbraai en lekker saamkuier tot die hane kraai.

Op Sondagoggend is daar 'n kerkdiens op van Zylsvlei en daarna vat almal weer die pad terug huis toe.

Na aankoms op Vrydag 23/02/2018 is daar geen formele geleentheid nie. Dit bied almal die kans om saam op Van Zylsvlei te kuier, of by een van die talle plekke op die dorp. Ons sal daar besluit.

Koste op van Zylsvlei beloop R370 per persoon per nag vir bed en ontbyt. Daar is vele plekke in en om Colesberg waar lede kan bly indien hulle so verkies. Etes, ander dan ontbyt, kan by 'n verskeidenheid plekke op die dorp genuttig word.

Drag is informeel, behalwe vir die onthulling van die Gedenksteen Saterdag met laaste lig. Drag vir hierdie geleentheid is SAMIVA drag met medaljes; alternatief baadjie en das.

Skakel vir Annalie op 084 514 0837 om by van Zylsvlei te bespreek en vir my by 079 487 6726 of op liebfox@gmail.com vir navrae".

39. Infanteriste is Plesierig

John Lizamore noem dat die NUR van die SA Infanterievereniging vergader vanaf 09:30 op 07/03/2018 by die Bronberg Wynlandgoed in Lynnwoodweg vergader. Die ete en hinderlaag is vanaf 12:30 n die koste is R80 per person. Kroegfasiliteite is teen militêre pryse beskikbaar. Bespreek asseblief by Geoff Holland-Muter se selno 076 637 9355.

NETWORKING

40. NTR.

ADMINISTRASIE

41. Nuwe Lede

* Dorothy Maritz

* Heinrich Boshoff

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

42. Credo of the Military Veterans

Maturity does not mean age, it means sensitivity, manners and respect.

43. New Opening Batsman for the Blommetjies. The following has appeared on Twitter:

Make President Zuma the opening batsman of the Proteas. They will never get him out.

44. Surfacing in the Wrong Ocean

Arne reports that after surfacing and the loud bang, the following conversation took place in the submarines control room:

"What the hell did we come up under, is it ice?"

"You are not going to like this, sir."

SLOT

45. And on that dry note, sterkte vir ‘n hopelik natterige week.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

46. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.